NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 5 - Februarie 2006

Laer aanplantings lei tot mark se herstel

Die strategie van doelbewuste afskaling in mielie-aanplantings, gekombineer met ongunstige aanplantingstoestande en kredietbeperkings, het oënskynlik vrugte afgewerp en mielieprodusente kan nou weer asemhaal.

Volgens Jan Grobbelaar (Direkteur: Graanbedryf) sal die suksesvolle verbouing van die huidige oes, die verdere verloop van mielieprys en die bemarkingstrategie ten opsigte van vorige seisoen en nuwe seisoen mielies, uiteindelik bepaal hoeveel "suurstof" elke produsent gaan oorhê vir die seisoen wat op hierdie een volg.

Agtergrond

Die mielie-oorskot wat weens opeenvolgende gunstige produksieseisoene ontstaan het, het produsente genoop om planne te beraam om die aanbod van mielies te verlaag sodat die vraag en aanbod in balans gebring kan word.

NWK het sy samewerking in hierdie verband gegee deur produsente uitstel op die betaling van hul produksielenings te gee.

"Produsente met uitstel hoef dus nie hul mielies in oestyd teen die besonder lae pryse wat gegeld het, te verkoop het nie. NWK het ook leningsfasiliteite aan produsente beskikbaar gestel vir die aankoop van mielies om addisionele voordeel uit moontlike mielieprysstygings te put," verduidelik Willie Manders (Bestuurder: Krediet).

'n Reeks inligtingsvergaderings is gedurende Mei verlede jaar deur NWK gehou, waartydens die potensiële impak van verskeie scenario's in hierdie verband aan produsente verduidelik is. Daar is onder andere aangetoon dat die grootste finansiële voordeel behaal kon word deur die oes van die afgelope seisoen nie te verkoop nie en om eerder die potensiële oes van die komende seisoen te koop as om dit te probeer produseer.

'n Groter positiewe impak

"Hoewel daar 'n risiko was dat mielieprys nie genoegsaam sou styg nie, het die feit dat mielieprys tot aansienlik laer as die produksiekoste daarvan gedaal het, hierdie risiko aansienlik beperk. 'n Mielieprysstyging van 50% is veronderstel. Die styging in mielieprys sedert oestyd was op 'n stadium meer as 80%, wat tot gevolg het dat die aanbevole strategie 'n groter positiewe impak gehad het as wat in daardie stadium (Mei 2005) in die vooruitsig gestel is," het Jan gesê.

Vergunnings deur NWK

NWK het ook gunstige tariewe beskikbaar gestel vir die opberging van onverkoopte en nuut aangekoopte mielies. Produsente het op groot skaal gebruik gemaak van die vergunnings deur NWK en die finansiële gevolge hiervan is van onskatbare waarde vir die betrokkenes.

"Ongelukkig blyk dit dat relatief min produsente mielies gekoop het en/of van termynmarkinstrumente gebruik gemaak het om voordeel te kon trek uit die moontlike opwaartse beweging in mielieprys. Hierdie voordeel is dus grootliks verbeur," het Jan bygevoeg. ***Na bl. 2***

Handel omsigtig met aandele

Aandeelhouers is onlangs per brief deur dr Chris Wentzel (Besturende Direkteur) in kennis gestel van briewe wat gedurende November verlede jaar deur 'n privaatpersoon aan die meeste van die aandeelhouers gerig is met 'n aanbod vir die oorname van hulle aandele in NWK Beperk en NWK Beherend Beperk.

In dr Wentzel se brief is die persepsies wat as gevolg van die aanbod vir die oorname ontstaan het, reggestel.

Aandeelhouers word weer eens gemaan om baie versigtig te wees alvorens hulle dokumente onderteken om aandele oor te dra of om aandele te verkoop teen die pryse wat in die briewe aangebied word.

Finansiële publikasies en kennisgewings aan die aandeelhouers in verband met die Maatskappye se resultate word elke ses maande aan aandeelhouers gestuur, wat hulle 'n goeie aanduiding behoort te gee van hul aandele se waarde.

NWK
U tevredenheid is ons trots

Samewerking waardeer

Buiten dat 'n korrekte oesskatting bydra om graanpryse deursigtig vas te stel, help dit ook produsente en landbou-maatskappye met hulle beplanning en begrotings vir die jaar.

Juis daarom doen Kobus van den Berg (Bestuurder: Graandienste) 'n beroep op produsente om hulle samewerking met die oesskattingsprojek te gee.

Hy verseker elke produsent dat NWK die inligting van individuele produsente vertroulik hanteer en dit nie sonder sy toestemming aan enige iemand ekstern bekend sal maak nie. Hy bedank ook alle produsente wat hulle samewerking vir depotpersoneel gee om hierdie inligting in te samel sodat ingeligte besluite geneem kan word.

Laer aanplantings

Van bl. 1

"Die ongunstige aanplantingstoestande wat in die sentrale en westelike produksiegebiede van Suid-Afrika tot laat in Desember geheers het, het natuurlik die opwaartse beweging in mielieprys verder aangehelp. Dit blyk in hierdie stadium dat mielie-aanplantings in Suid-Afrika met meer as 40% afgeskaal is. Die meeste aanplantings in die sentrale en westelike gebiede is egter relatief laat gedoen en die primêre bewerkings kon ook nie in alle gevalle deeglik genoeg uitgevoer word nie. Die gevolg hiervan is dat die produksie-aanslag vanjaar ongelukkig nie optimaal is nie," aldus Jan.

Wenke vir die boer

Gedurende Februarie en Maart moet produsente aan die volgende aspekte aandag gee:

Veekunde

- Begin reël om genoeg spuitstof (bloednier) te hê vir enting voordat skape 'n rantsoenverandering in die herfs, bv lande of weimielies, sal ondergaan.
- Die bulle behoort nou ná die dekseisoen by die koeie uitgehaal te word.

Weiding

- Die weiding en/of voersorghum wat in die winter as staande hooi benut gaan word, moet nou kans gegee word om uit te groei.
- Sodra die weidings begin afgaan, moet 'n winterlek saam met die somerlek aan die diere voorsien word.

Oorlêlande

Groot oppervlaktes lande is vanjaar laat oorlê. Die grootste enkele voordeel van oorlê is 'n oesverhoging in die daaropvolgende jaar. Hierdie oesverhoging kan bewerkstelligword deur reënwater wat in die grond gestoor word. Dit is egter net waar as die lande skoongehou is.

Dit is tans opmerklik dat onkruidbeheer op die oorlêlande in die algemeen baie swak is. Dit gaan tot gevolg hê dat die lande volgende jaar weer droog gaan wees en boonop 'n groot onkruiddruk gaan hê omdat soveel onkruid saad gestort het. Uitmuntende onkruidbeheer moet vir twaalf maande van die jaar toegepas word. Die nadele van onkruid oortref die voordele (indien enige) altyd by verre.

Wenke

- Beheer die onkruid solank dit nog klein is. Dit vrek dan maklik met beide chemiese en meganiese beheermaatreëls.
- Oorweeg 'n kombinasie van meganiese en chemiese beheer.
- Beheer groot onkruide eerder meganies.
- Effektiewe glifosaatbespuitings is 'n kuns. Dit moet reg gedoen word om sukses te behaal.
- Residuele onkruiddoders kan ook in die program oorweeg word.
- Oorlê gee die geleentheid om hardnekkige onkruid soos die wilde sorghums, kweek en uintjies 'n knou te gee – maak van die geleentheid gebruik.

Onthou

Uitmuntende onkruidbeheer is een van die sleutelsuksesfaktore vir winsgewende kontantgewasverbouing!

DOEN JOU BOEKE NOU SOMMER 1-2-3

Sukkel jy om jou boerdery se boeke gedoen te kry? Geweet dat jy finansiële boerderybestuurspakkette by Landboubestuursdienste kan aanskaf?

Simfini is 'n omvattende finansiële rekordhoudingsprogram wat produsente onder meer in staat stel om afsonderlike vertakkings van die boerdery te hanteer, fakture te druk en 'n wye verskeidenheid state en verslae, soos 'n kontantvloeistaat, bateregister en proefbalans, aan te vra.

Rekeningstate elektronies gedoen

Produsente wat van Simfini gebruik maak en internettoegang het, kan ook hul NWK rekeningstate elektronies deur middel van die internet in die Simfini-program intrek.

Volgens Barbara Willemse (Landbou-ekonoom) bespaar dit die produsent heelwat tyd, aangesien hy nie nodig het om al sy NWK transaksies per hand op rekenaar in te lees nie.

Ander pakkette beskikbaar

Ander rekenaarpakkette wat by Landboubestuursdienste beskikbaar is, is Akkoord ('n lonebestuursprogram), Agribees ('n bestuurstelsel vir kommersiële of stoetbeeskuddes), Agrimelk ('n melkery-kuddebestuursprogram), Tribees (rekordhouding van 'n kommersiële kudde) en Trimelk (rekordhouding van 'n melkery).

Kontak Barbara by (018) 633-1157 en *barbara@nwk.co.za* of Petrus Boshoff by (018) 633-1156 en *petrus@nwk.co.za*.

Opberging toe nie so maklik nie

Gedurende Desember het *Beeld* berig oor die groot skade wat produsente gely het toe hael die reuse-silosakke waarin hulle graan op die landerye gestoor is, vernietig het. Dié bergingsmetode, wat aanvanklik baie kostedoeltreffend gelyk het, blyk nou 'n perd van 'n ander kleur te wees.

Luidens die berig weier versekeraars om graan in die silosakke teen diefstal, sabotasie, haelstorms of beskadiging deur insekte, voëls en knaagdiere te verseker. Dit word slegs teen weerlig en vuur verseker en die maandelikse premies is uiters hoog, met bybetalings wat sewe keer hoër as die normale is.

Vrystaat Kooperasie raai in die berig produsente af om die komende seisoen weer van die sakke gebruik te maak omdat die voor- en nadele daarvan nog nie behoorlik vasgestel is nie. Die LNR het byvoorbeeld nog geen wetenskaplike proefnemings op dié bergingsmetode uitgevoer nie.

Volgens Kobus van den Berg (Bestuurder: Graandienste) kan graan se kwaliteit baie beter behou word in konvensionele graansilostrukture – veral indien die opbergingsperiode lank is. Voedselveiligheid is tans baie aktueel en alle rolspelers in die voedselketting word deur wetgewing verplig om streng beheermaatreëls volgens die HACCP-stelsel (Hazardous Analysis and Critical Control Point System) in werking te stel. Hierdie vereistes kan baie beter by konvensionele silostrukture toegepas en beheer word.

Dit is elke rolspeler in die bedryf se verantwoordelikheid om te verseker dat produkte wat veilig en geskik vir menslike en dierlike gebruik is, in die mark beskikbaar gestel word. Om graan vir lang periodes veilig op te berg, vereis geskikte fasiliteite en kundigheid soos wat by konvensionele graansilostrukture beskikbaar is.

'n Deeglike studie is nodig om alle risiko's vir opberging in silosakke te bepaal en onder Suid-Afrikaanse klimaatstoestande te evalueer voordat op groot skaal hiervan gebruik gemaak kan word.

Om graan vir lang periodes veilig op te berg, vereis geskikte fasiliteite en kundigheid – soos wat by konvensionele graansilostrukture beskikbaar is.

Direksievergadering

Die eerste geskeduleerde Direksievergadering vir die jaar sal op Dinsdag, 21 Februarie plaasvind.

Weet wat die SMS sê

NWK:25 OKT '05, SAFEX M-T-M: NOV05; WMAZ; 844 -19; YMAZ; 769 -9; SUNS; 2195 0; DEC05; WEAT; 1440 -2; MAY06; SUNS; 1573 -7; JUL06; WHAZ; 880 -20; YMAZ; 804 -13; R/$6.63

Grieks of een of ander geheime kode? Nee, dit is 'n voorbeeld van een van die daaglikse SMS'e wat NWK Graanbemarking aan hul produsente stuur sodat hulle ingeligte besluite oor die verhandeling van hulle graan kan neem.

Produsente wat op dié gratis SMS-diens inteken, ontvang drie SMS'e per dag.

Ongeveer 8:30

Die vroegoggend SMS gee aan die produsent 'n aanduiding van wat sedert die vorige dag in wêreldmarkte gebeur het. Dit is buitelandse graanpryse (Chicago Board of Trade en Kansas) uitgedruk in US$ sent per skepel saam met die R/$-wisselkoers.

Ongeveer 10:00

Die SMS wat uitgestuur word nadat die Suid-Afrikaanse termynmark geopen het, gee die dag se openingspryse op Safex. Dit is Safex-pryse van wit- en geelmielies, sonneblom en koring soos van toepassing in daardie stadium. Onthou dat die basis van hierdie pryse Randfontein is, met ander woorde, dit sê wat die prys gelewer op Randfontein is.

Ongeveer 14:00

Die SMS wat ná 12:00 uitgestuur word, gee die sluitingspryse op Safex. Dit is "mark-to-market"-pryse van wit- en geelmielies, sonneblom en koring soos beskikbaar gestel deur Safex ná die sluiting van die mark, weer eens met 'n Randfontein-basis. Die "mark-to-market"-prys verteenwoordig die afgeleide markwaarde vir die dag en is nie noodwendig die prys waarteen die laaste transaksie van die dag plaasgevind het nie.

Waarvoor staan al die afkortings?

M-T-M:	mark-to-market
CBOT:	Chicago Board of Trade
KA:	Kansas
WMAZ:	witmielies
YMAZ:	geelmielies
WEAT:	koring
SUNS:	sonneblom
-:	hoeveel die prys laer as die vorige dag is
+:	hoeveel die prys hoër as die vorige dag is
0:	geen verandering teenoor die vorige dag se prys nie

Skryf só in

As jy Graanbemarking se daaglikse SMS'e wil ontvang, kan jy vir Corlia de Beer by (018) 633-1022 skakel.

AANDELENUUS

Die volgende aandele het vanaf 11 November 2005 tot en met 20 Januarie 2006 deur middel van NWK se makelaar, Barnard Jacobs Mellet en Kie (Edms) Bpk in Kaapstad, verhandel:

NWK Beperk

Aantal	Prys/aandeel
97 450	R2,70
17 763	R2,71
5 000	R2,75
49 246	R2,80
100 000	R3,00

NWK Beherend Beperk

Aantal	Prys/aandeel
23 908	R1,50

Belangstellende kopers en verkopers kan NWK se makelaar in Kaapstad, Christiaan Fourie, by die tolvry nommer 0800 778 778 skakel.

Padwaardig?

Sedert 1 Januarie vanjaar is dit verpligtend om glimstroke aan weerskante en agterop enigiets wat agter ‘n voertuig gesleep word, aan te bring.

Volgens regulasies moet die lengte van die glimstroke ten minste 80% van die lengte van die kante en die agterkant se lengte beslaan. Die glimstroke aan die agterkant moet ook binne 600 mm van die grond aangebring word.

Maak seker dat jy slegs SABS-goedgekeurde glimstroke opplak. Dié glimstroke is by Lichtenburg se meganisasietak beskikbaar.



Meegaande sketse toon waar die glimstroke aangebring moet word.

Inligtingstelsels – NWK se ondersteuningstelsel

Rekenaars vorm deesdae ‘n integrale deel van ‘n mens se lewe en jy kan jou nie ‘n werksomgewing daarsonder voorstel nie. NWK se Inligtingstelsels-departement is verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en onderhoud van al NWK se gerekenariseerde stelsels asook die installering en onderhoud van alle netwerkapparatuur.

Alle gerekenariseerde stelsels word deur NWK self ontwikkel om aan hulle behoeftes en vereistes te voldoen. Die stelsels is op ‘n eenvormige programmatuurplatform ontwikkel en die wye area netwerk is met die hoofraam, waar alle data sentraal beheer en verwerk word, geïntegreer.

Die wye area netwerk bestaan uit ‘n infrastruktuur van Telkom digitale datalyne wat die bedryfspunte en graandepots met die hoofkantoor en onderling met mekaar verbind. Die Handel en Meganisasie bedryfspuntstelsels kan wel onafhanklik van die hoofraam funksioneer indien tegniese probleme direkte kontak onderbreek terwyl die graandepots direk aan die hoofraam verbind is om tydens graanlewerings tydige inligtingsbehoeftes te bevredig.

Stelselontwikkeling

Dié afdeling ontwikkel, toets, implementeer en onderhou voortdurend gerekenariseerde stelsels volgens departementele behoeftes.

Tegnies

Alle netwerkstelselprogrammatuur en apparatuur word deur dié afdeling geïnstalleer en onderhou – wat ongeveer 450 werkstasies insluit. Fasiliteite is verantwoordelik vir die instandhouding en beskikbaarheid van die hoofraam. Aangesien alle data van NWK op die hoofraam gestoor word, word data integriteit verseker deur daagliks alle relevante data te rugsteun en buite hoofkantoor te stoor.

Fasiliteite is verder verantwoordelik vir alle koppelvlakke met ander rekenaarstelsels na NWK filiale en eksterne maatskappye.

Handel

ECONOBUILD EERSDAAGS OOP

Handel is in die proses om ‘n Econobuild in Mafikeng te open. Volgens Henk le Roux (Bestuurder: Handel en Kunsmis) is daar ‘n groot aanvraag in dié gebied na boumateriaal. Die nuwe winkel wat hom gaan toespits op boumateriaal en -benodighede, word by NWK se graandepot opgerig en behoort teen die einde van Maart in bedryf te wees.

Hersien polisse nou

Dit is altyd ‘n goeie gewoonte om so aan die begin van ‘n nuwe jaar jou versekeringspolisse te hersien en seker te maak dat jou bates teen die regte bedrag verseker is.

Volgens Charl Bester (Versekeringsbestuurder) is dit noodsaaklik dat kliënte hulle polisse ten minste een keer per jaar hersien om seker te maak dat die vervangingswaarde van die bates korrek is en met inflasie tred hou.

Kontak gerus jou naaste NWK Versekeringsmakelaar om jou polis te hersien.

Kontaknommers vir NWK Versekeringsmakelaars

Frans Botes by (014) 543-2612
Riani Erasmus by (014) 543-2612
Liana Esterhuizen by (018) 633-1213
Manus Fourie by (018) 571-0260
Nita Goussard by (018) 633-1213
Jako Rousseau by (018) 683-0210
Nols van Rensburg by (018) 673-1112
Elton Walker by (018) 633-1213
Willie Wilken by (018) 948-1914

Bemes weiding ekonomies

Aangeplante weiding kan ekonomies bemes word. Dít is die bevindinge van proewe wat verlede jaar deur NWK Kunsmisbemarking en Omnia gedoen is op die bemesting van aangeplante weiding.

Henk le Roux (Bestuurder: Handel en Kunsmis) verduidelik dat die proewe gewys het dat indien aangeplante weiding reg bemes word, dit definitief ekonomies regverdigbaar is. Die weiding se kwaliteit is ook baie beter. “Buiten ‘n hoër droëmateriaal opbrengs, is daar ook ‘n noemenswaardige toename in proteïeninhoud. Dit is egter nie ekonomies om minder as 50 kg stikstof per hektaar te bemes nie,” het Henk gesê.

“Op die Smutsvingerproef by Coligny is byvoorbeeld 400 kg Greensulph per hektaar (d.i.105 kg N/ha) toegedien en dit het ‘n bruto marge van R1 470/ha gelewer. Die proewe wys dieselfde tendens op verskillende grasse in verskillende gebiede – ook buite die NWK gebied.”

Bykomende proewe sal dié jaar gedoen word om, onder andere, die effek van kunsmis op borseltjiegras van verskillende ouderdomme te bepaal.

HANDLEIDING NOU BESKIKBAAR

Kry nou jou eie* Diereproduksie vanaf aangeplante weidings in die sentrale somersaaigebied – ‘n Praktiese handleiding vir droëland en besproeiing. *Die handleiding, deur Lourens Scheepers, kan by jou naaste NWK/Omnia kunsmisverteenwoordiger bestel word. ‘n Beperkte aantal eksemplare is teen ‘n gesubsidieerde koste van R100 beskikbaar. Normale koste: R250.

Laat pompe na die seisoen diens

Produsente kan voortaan hulle kunsmispompe by NWK Vloeibare Kunsmis op Lichtenburg laat diens. Die kunsmisaanleg beskik oor ‘n volledige toetsbank en opgeleide personeel om Agrigel en Squees pompe te diens.

Die eenhede word hier fisies uitmekaar gehaal, gespoel, gediens, met roesweermiddel gespuit en met nuwe ghries gepak voordat dit op die toetsbank gekalibreer word. Hierdie diens verseker dat die oortollige kunsmis in die eenhede geen verdere skade of korrosie in die pomp veroorsaak nie, verduidelik Dewald Steyn (Fabrieksbestuurder). Die dienste word in oorleg met Leon Geldenhuys van Agrigel gedoen wat die personeel opgelei het en van tegniese advies voorsien.

“Ons beveel produsente aan om hulle kunsmispompe net na die plantseisoen te diens. Hoe gouer die pompe gespoel en gediens word, hoe minder is die verweer op die onderdele,” sê Dewald.

Omruilpompe en onderdele, asook nuwe pompe, is beskikbaar vir wanneer ‘n planterpomp breek of vir ‘n diens moet gaan. Uitlaaipompe kan ook by die aanleg gediens en herstel word en Homelite en Pacer pompe is ook hier te koop.

Skakel gerus vir Dewald by (018) 632-4690 of 082 416 4051 vir ‘n kwotasie of om ‘n diensafspraak te maak.

Dawid van den Berg besig om ‘n kunsmispomp by die Vloeibare Kunsmisaanleg te diens.

Hoe vorder die verbouings?

NWK is tans besig met die opgradering van die Total vulstasie by die Zeerust handelswinkel: die bestaande vulstasie is gesloop om plek te maak vir ‘n nuwe rybaan en Laboutique. Die vulstasie behoort teen die einde van Maart in gebruik geneem te word. Vir die interim is ‘n dieselpomp by die winkel beskikbaar.

Makietie op pad

Wat het Juanita du Plessis, reksprong, skyfskietkompetisies, stalletjies en braaivleis in gemeen? Die jaarlikse NWK Ekspo, natuurlik! En dit is maar net enkele van die aktiwiteite wat by die groot feesvieringe op 10 en 11 Maart by Lichtenburg Hoërskool gaan wees.

Besoekers kan soos in die verlede uitsien na ‘n groot verskeidenheid uitstallings deur onder andere NWK se leweransiers. Daar sal ook hope vermaak vir oud en jonk wees asook praatjies oor verf-, sweistegnieke en veesiektes.

Navrae
Vir meer inligting skakel vir Hans Maree (Handelsbestuurder: Aankope) by (018) 633-1259.

Gratis opleiding vir operateurs

Geweet dat jou trekkeroperateurs opleiding op jou spesifieke trekkerreeks asook selfaangedrewe stropers van New Holland kan kry?

Die diens word kosteloos aan produsente gelewer en opleiding kan op die plaas gedoen word op ‘n geskikte perseel wat van krag voorsien is.

NWK se meganisasietakke is ook hiervoor beskikbaar. Afsprake moet net ten minste drie weke voor die tyd gemaak word.

Navrae
Kontak jou naaste Meganisasietakbestuurder om die nodige reëlings te tref.

Skole maak ‘n draai by Noordfed

Dit is nie aldag wat ‘n mens die geleentheid het om ‘n fabrieksaanleg te besoek nie. Gedurende November verlede jaar het Laerskool Blydeville sowel as die CVO hoër- en laerskool Noordfed op Lichtenburg besoek.

Die laerskole het ‘n draai by die Diverse-afdeling gemaak en kon nie glo dat daar só baie hondekos op Lichtenburg vervaardig word nie. Die verpakkingsaanlegte het die oë omtrent laat rek – al die groot masjiene wat alles self doen!

Die hoërskool het ook albei aanlegte besoek. Die hele uitstappie is só beplan dat die leerders hul skoolvakke se waarde in die praktyk kon ervaar.

Dit is vir Noordfed aangenaam om deel te kan wees van ons jeug se opvoeding en daarom nooi Noordfed skole uit om hulle aanleg op Lichtenburg te besoek. Kontak Annatjie Smit by (018) 632-5037 om ‘n besoek te reël.

Die leerders van Lichtenburg CVO skool tydens hul besoek aan die Noordfed-aanleg.

Nuwe uitdaging

Baie geluk aan Wiehan van Heerden wat tot Noordwes Voere se nuwe Finansiële Bestuurder bevorder is. Wiehan is reeds vanaf 2002 as Rekenmeester en Kredietbestuurder by Noordwes Voere werksaam.

‘n Vragmotorvloot om op trots te wees

Geweet dat NWK oor ‘n eie Vervoerdepartement beskik? En dat amper 22 000 ton landbouprodukte per maand vervoer word en sowat 164 000 km per maand afgelê word?

Juis om te verseker dat die Vervoerdepartement ‘n betroubare vervoer- en ondersteuningsdiens aan departemente, filiale en eksterne vervoerklante lewer, het die Direksie in Augustus 2003 ‘n vervangingsprogram goedgekeur. Hiervolgens kan die twaalf ou Mercedes-Benz 2632 model voertuie, wat uit 1981/1982 dateer, oor ‘n tydperk van drie jaar met nege nuwe voorspanmotors vervang word.

Sewe nuwe voorspanmotors is reeds in ontvangs geneem. Volgens Anton Jacobs (Bestuurder: Vervoer) het die onderhoudskoste op voertuie sedertdien ‘n dramatiese afname getoon en is die vragmotorvloot tot ‘n meer ekonomies beheerbare grootte verklein.

Buksie deur Buks vervang

Bo en behalwe die nege voorspanmotors wat aangekoop is, het die Direksie in Junie verlede jaar ook goedkeuring verleen om die Mercedes-Benz 2628 (‘n 1985 jaarmodel, wat as “Buksie” bekend staan), met ‘n nuwe te vervang. Buksie is gebruik om kleiner hoeveelhede losmaat-veevoere (tot en met 12 ton-vragte) na klante te vervoer. Hy het nagenoeg 7 000 ton klaarprodukte per jaar vervoer en sowat 8 200 km per maand afgelê.

As gevolg van hoë ouderdom en verouderde tegnologie was dit noodsaaklik om die voertuig met ‘n nuwe te vervang. In Oktober verlede jaar is Buksie met ‘n nuwe Mercedes-Benz 2628/45 Axor, genaamd “Buks”, vervang en kan die voortsetting van die bestaande diens aan Noordwes Voere vir hierdie kategorie vragte met groter gemak onderneem word.

Besparing

Die nuwe Buks gee ‘n dieselverbruik van sowat 3,1 km/liter teenoor die ou Buksie se 2,2 km/liter – ‘n dieselbesparing van nagenoeg R5 465 per maand (teen die huidige dieselprys).

Navrae

NWK Vervoer lewer ook ‘n diens aan eksterne klante (buite die NWK Groep) en vervoer onder andere graan en implemente vir klante. Skakel gerus die departement by (018) 632-4565 vir ‘n vervoertarief of gratis vervoerlogistieke advies.

Die ou Buksie (links) het bykans 1,2 miljoen km afgelê en is in Oktober verlede jaar met die nuwe Buks (regs) vervang wat gebruik gaan word om losmaat-veevoere mee te vervoer.

Noordwes Voere spog met nuwe tenkers

Noordwes Voere het gedurende Oktober verlede jaar die laaste van twee nuwe losmaattenkers in gebruik geneem. Dit vorm deel van 'n deurlopende vervangingsprogram wat daarop gemik is om toerusting tydig te vervang om te verseker dat goeie diens aan klante gelewer kan word.

Volgens Pierré Lombard (Algemene Bestuurder: Noordwes Voere) ry die individuele losmaattenkers in die orde van 8 000 km per maand.

"Baie van die kilometers word op grondpaaie afgelê wat nie behoorlik onderhou word nie. Die gevolg is dat die struktuur en onderstel van losmaattenkers aan uitermatige hoë verwering blootgestel word. Dít maak 'n vervangingsprogram noodsaaklik."

Die nuwe tenkers sal hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, vir die aflewering van braaikuikenvoer gebruik word. Die grootste gedeelte van Noordwes Voere se tonnemaat word binne 'n radius van 80 km om die fabriek op Lichtenburg gelewer, maar sommige vragte word meer as 200 km ver afgelewer.

Kyk gerus uit vir dié spoggerige nuwe tenkers van Noordwes Voere.

DIENS MET 'N GLIMLAG

As jy deur Lichtenburg ry, maak gerus 'n draai by Noordwes VW se Total vulstasie in Nelson Mandela Rylaan. Martin Mfundisi, Jakobus Rooskrantz, Evelyn van Niekerk (Toesighouer), Reuben Maamoge, Richard Montwedi en Johnny Stuurman sal jou met 'n glimlag bedien.

Ander baadjie vir handelaar

Noordwes Motors, Lichtenburg se huidige vertoonlokaal, gaan eersdaags opgegradeer word. Volgens Dries Bezuidenhout (Handelaarshoof) wil hulle veral groot klem op Mercedes-Benz en Mitsubishi se eksklusiwiteit plaas. Die beplanning is in die finale stadium en bouwerk behoort teen Maart te begin. Besigheid sal soos gewoonlik voortgaan.

Hardbody se pryse verlaag

Nissan het in November verlede jaar hulle Hardbody bakkies se pryse met tussen 4% en 9% verlaag. Volgens Braam van der Westhuizen (Handelaarshoof: Noordwes Nissan op Zeerust) is dit weens Nissan se herposisionering van dié reeks in die mark.

Die gewildste modelle se pryse (BTW ingesluit) is soos volg:

Nissan 2.0 KAA:	R112 262
Nissan 2.7D LAA:	R135 660
Nissan 3.0TD Hi Rider:	R188 149
Nissan 3.3 King cab:	R194 820
Nissan 3.0TD King cab:	R201 960
Nissan 2.4 Hi Rider d/cab:	R210 120
Nissan 3.0TD Hi Rider King cab:	R233 886

Nissan het ook die nuwe Navara-reeks ('n meer luukse dubbelkajuitbakkie) in Suid-Afrika bekend gestel en pryse is baie kompeterend:

Nissan Navara 2.5dCi 4x2:	R269 900
Nissan Navara 4.0 v6 4x2:	R273 450

Die 4x4-weergawe sal binnekort beskikbaar wees.

Besoek gerus Noordwes Nissan in Kerkstraat 46, Zeerust of skakel Braam by (018) 642-2015 of 083 985 9394.

Interessante feite

In party dele van die Sahara is die temperatuur baie keer 45°C en dit kan selfs tot meer as 50°C styg. In sommige gebiede reën dit so min as een keer in 20 jaar.

Bron:* Wonderlike Afrika *deur Dawid van Lill.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Dries Bezuidenhout

Die nuwe Handelaarshoof van Noordwes Motors, Lichtenburg is 'n Bosveldklong wat integriteit en lojaliteit hoog aanslaan. Hy is die afgelope 16 jaar in die motorbedryf betrokke en het 'n passie vir Mercedes-Benz voertuie.

Dries Bezuidenhout is sedert 1 November verlede jaar aan stuur van sake by die Mercedes-Benz en Mitsubishi handelaar op Lichtenburg.

Na matriek is Dries Tukkies toe waarna hy 'n onderwyskwalifikasie aan NKP behaal het. Hy was ook vir twaalf jaar werksaam by 'n finansiële instelling.

"Ek en my span gaan hierdie jaar daarop fokus om Noordwes Motors suksesvol en winsgewend te maak sodat aandeelhouers 'n goeie opbrengs op hul belegging kry," sê hy.

Dries is getroud met Renschi en hulle het twee dogters wat al uit die huis is.

Kontakbesonderhede

Tree met Dries in verbinding by (018) 633-1296 of *driesmb@nwk.co.za* of besoek Noordwes Motors, Lichtenburg se vertoonlokaal in Nelson Mandela Rylaan.

SKOTE PETOORS!

Noordwes Nissan op Zeerust is onder die eerste drie handelaars in die land ten opsigte van doelwitbehaling van nuwe voertuigverkope in 2005. Knap gedaan!

Die oorhandiging van die pryse sal tydens die algemene jaarvergadering van Nissan SA in Februarie by Sun City plaasvind.

Dit wil gedoen wees

Baie geluk aan Noordwes VW, en in besonder Pieter Geldenhuys (Onderdelebestuurder), wat deur Total aangewys is as een van hul top agt handelaars in olieverkope. Dit volg nadat Noordwes VW op Lichtenburg gedurende 2005 hul doelwitverkope van 117% behaal het. Pieter het met dié flink olieverkope 'n toer vir hom en sy vrou na die Maleisiese Grand Prix, wat in Maart gehou word, losgeslaan.

Het jy geweet?

Die Sahara was omtrent 10 000 jaar gelede 'n grasveld met baie wild en 'n gematigde klimaat. Teen omtrent 4 000 v.C. het 'n dramatiese klimaatsverandering in Noord-Afrika veroorsaak dat die reënval begin afneem het.

Bron:* Wonderlike Afrika *deur Dawid van Lill.

Wen 'n tent

'n Gelukkige leser kan hierdie sesman tent van nylon met 'n grondvloer ter waarde van R500 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag:

Waar gaan NWK eersdaags 'n Econobuild oopmaak?

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan:
Johan Bezuidenhout, NWK Bemarkingsdienste, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of e-pos: *jbezuidenhout@nwk.co.za* of stuur 'n faks: (018) 633-1916. **Inskrywings moet Johan voor of op 10 Maart 2006 bereik.**

Vorige wenner

Baie geluk aan JP Badenhorst van Delareyville wat die wenner van die Cadac Global Grill Top was.

Die prystrekking is deur PricewaterhouseCoopers, Lichtenburg behartig.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord:

_____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – nie NWK personeel nie. **2.** Slegs een inskrywing per persoon. **3.** Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn. **4.** Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word. **5.** Die prys kan nie vir kontant verruil word nie. **6.** Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 10 Maart 2006.

NWK KOÖRDINAAT

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Bemarkingsdienste deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Estie Steyn (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

Alle regte van die inhoud van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.